LARRIES Nuus News

Posbus /PO Box 171
Tzaneen
0850

E-pos / E-mail: lstzn@mweb.co.za
Webwerf / Website: http://www.laerskooltzaneen.com
Tel. 015 307 3601/2
Faks/Fax: 015 307 4656

UIT DIE HOOF SE PEN:

- Inleidend: Nuusbrief nommer 3 van elf vir die tweede kwartaal 2019 en die lang Paasnaweek wat voorlê!
- Akademie: Ons opregte dank aan alle ouers wat die belangrike geleentheid vir persoonlike kontak met die onderwysers oor die vordering van jul kind(ers) tydens gisteraand se kwartaallikse oueraand bygewoon het.
- Sport:
- Netbal: Eerskomende Dinsdag (23 April) word die eerste ligawedstryde van die seisoen (afgelope Dinsdag se wedstryde teen Unity Primary School het weens hul onttrekking nie gerealiseer nie) hier tuis teen Laerskool Duiwelskloof gespeel. Aanstaande Saterdag (27 April) is dit groot stories met die jaarlikse Larries Mini-netbaldag hier by ons met 8 skole en sowat 400 speelstertjies betrokke.
- Rugby: Gistermiddag het die Kringproewe vir onder 12- en 13's om in die Letabaspan opgeneem te word hier tuis plaasgevind. Aanstaande Donderdag (25 April) reis ons spanne na Laerskool Louis Trichardt (wat nie vanjaar in die grootskoleliga kompeteer nie) en speel die onder 9-, 10- en 11B-spanne teen hul A-spanne, die derdes teen hul tweedes, maar die eerstespanne teen mekaar. Aanstaande Saterdag (27 April) vind die jaarlikse Larries Bulletjierugbydag hier by ons plaas met 8 deelnemende skole en sowat 600 spelertjies in aksie.
- Bergfietsry: Aanstaande Saterdag (27 April) vind die tweede Lim XCO te Waterberg plaas (oefeninge op Woensdaemiddae te Merensky Hoërskool).
- Kultuur:
- Skaak: Die hervatting van Woensdagmiddae se oefeninge is verlede week gekommunikeer, maar het ongelukkig gister weens die oueraand nie gerealiseer nie.
- Kore: Die jaarlikse Super 12-fees lê net om die draai en behalwe twee geskeduleerde oefeninge per week gedurende skoolure, is daar weer aanstaande Vrydagmiddag (26 April) 'n langmiddagoefening tot 16:00.
- Finansies:
- Skoolgelde: Verseker dat u skoolgeldverpligtinge (skoolfonds, adminfooi, naskoolsentrum- en koshuisgelde) getrou op datum gehou word ten einde die verleentheid van swartlysting en/of oorhandiging aan die skool se skuldinvorderingsprokureurs te verhoed. Kom tref gerus reëlings in hierdie verband voordat dit te laat en die verskuldigde bedrag buitensporig is. Die skoolgeldbetaalkoers is huidiglik slegs 70% met die begroting wat op 81% opgestel is!
  - Algemeen:
  - Jaarblad: Selfs nog 'n beter en dikker jaarblad is in die pyplyn en met die kosprys wat noodwendig tot R 170 elk verhoog moet word, bied ons die geleentheid aan ouers om dit reeds van nou af in maandelikse paaiemente af te betaal tot aan die einde van Oktober.
  - Paasnaweek: Die skool het dan vanoggend reeds om **11:00** gesluit en wens ons alle ouers en leerders 'n aangename Paasnaweek toe en vertrou dat almal wat weggaan, veilig sal reis terugkeer.

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T /

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries
sogood

- *Introductory: Weekly newsletter number 3 of eleven for the second term of 2019 and a long Easter weekend awaiting!*
- *Academics: Our sincerest thanks and gratitude to all parents who took the opportunity for personal contact with the teachers regarding the progress of your child(ren) during the quarterly parents evening held yesterday evening.*
- *Sport:*
- *Netball: On this coming Tuesday (23 April) the first league matches for the season (this past Tuesday's fixture did not take place due to the withdrawal of Unity Primary School) will be played against Duiwelskloof Primary School here at home. On next Saturday (27 April) approximately 400 mini netball players from 8 schools will participate at the annual Larries Mini Netball Day here at home.*

- *Rugby: Yesterday afternoon the Circuit trials for under 12 and 13's for the selection of the Letaba team were hosted here at home. Next Thursday (25 April) our teams will travel to Laerskool Louis Trichardt (who does not compete in the big schools league this year) and will the under 9, 10 and 11B's play against their A teams, the thirds against their seconds, but the first teams against one another. On next Saturday (27 April) approximately 600 Young Bulls from 8 participating schools will be in action here at home in the annual Larries Bulletjie Rugby Day.*
- *Mouttain Bike Cycling: On next Saturday (27 April) the second Lim XCO race will take place at Waterberg (practices at Merensky High School on Wednesday afternoons).*
- *Culture:*
- *Chess: Practice times were communicated last week and are on Wednesday afternoons, but unfortunately did not take place yesterday due to the parents evening.*
- *Choirs: The annual Super 12 Choir Festival is just around the corner and in addition to scheduled practices during school hours twice a week, another long practice session until 16:00 is planned for next Friday (26 April).*
- *Finances:*
- *School fees: Ensure that your school fee obligations (school fees, admin fee, after school care centre and hostel fees) remains up to date to prevent the embarrassment of blacklisting or being handed over to the school's debt collector attorneys. Please come and make arrangements in this regard if diificult before it becomes too late and the outstanding amount too large. The rate of payment of school fees is at a current 70% with the budget bargaining on 81%!*
- *General:*
- *Year book: An even bulkier and better year book is in the pipeline and due to an increase in costs as well, the price had to be raised to R 170 each. However, we offer parents the opportunity to pay this amount off in easy monthly payments up till the end of October.*
- *Easter weekend: The school closed at **11:00** this morning as arranged and we wish all our parents and learners an enjoyable Easter weekend and pray for travel mercies and a safe return for all who will be travelling.*

(VIC RIJNEN: HOOF / *PRINCIPAL*)

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T /

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries
sogood

Rugby Kringproewe / Rugby Circuit Trails

Onder 13 / Under 13

Risima Khosa.
Anrè Cronje.
Duncan Watson.
Pontsho Selowa.
Nkateko Ngoveni.
Xhliluke Manzini.
WJ Botha.
Criffie jv Vuuren.
Junior Miyeni.
Kebotile Maake.
Theto Maake.
Stefan Joubert.
Lethabo Sejake.

Onder 12 / Under 12

Kamo Tshelha.
Craig Walker.
Lourens Kriel.
Oupa Malatsi.
Bayatso Makhubela.
Rivo Mahunisi.
Wihan v Eeden.
Stiaan du Randt.
Xander Schoeman.
Leon de Lange.

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T /

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries

sogood